



Sondag, 19 April 2020
Eerste Sondag na Paasfees

Leef met lof want die opgestane Here is werklik en naby...

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop...

– 1 Petrus 1:3

Die vroeë Christene is deur sommige mense “die derde geslag” genoem? Anders as die Jode aan die een kant en die heidene aan die ander kant, wat nie meer 'n verwagting van die wêreld gehad het nie, het die jong kerk van die Here Jesus 'n nuwe vars boodskap gehad. 'n Boodskap waarvan die hoop nie geroof was deur die werklikheid daarvan wat mense gesien het nie. Daar was vir hierdie jong kerk anderkant dit wat hulle kon sien, horisonne van 'n wêreld wat hulle nog nie kon sien nie. Anderkant die doodloopstrate was daar vir hulle nuwe beginne en anderkant die dood was die ewige lewe. Hierdie boodskap van hoop was aansteeklik in 'n wêreld wat haar verwagting verloor het en moedeloos geword het, want dit was so anders.

1 Petrus is een van die oudste bekende Christelike erediensliturgië wat ons het. Hierdie erediens begin waar elke Christelike erediens behoort te begin, nl. by die opstanding van Christus Jesus uit die dood (vers 3). Lof is die enigste antwoord op die genadige geskenk van God. Alles begin hier vir die gelowige, by die eerste Paasfees toe die kopbeenplek getransformeer word deur die leë graf van die opgestane Here Jesus. Hierdie is as't ware elke gelowige se geboortedag. Die dag toe ons verlos is was ongeveer 33 n.C., met ander woorde ongeveer 20 eeue voor ons geboorte. Hier word ons in God se gesin ingebore deur 'n wonderbare en kragtige daad van God waartoe ek niks kon bydra nie. Hoop is daarom nie net die uitsien na eendag nie, maar ook die uitkoms wat ons nou reeds ervaar. Dit is hierdie hoop wat die eerste Christene gehelp het om selfs deur die lyding te kon leef. Hierdie hoop is verder 'n erfdeel wat in bewaring gehou word in die hemel maar nie net word die erfdeel in bewaring gehou nie, ons word ook bewaar en God doen dit langs die weg van geloof.

Kan jy dink wat kan 'n kerk vir 'n wêreld beteken wat vasgevang geword het in die nood en dood wat hulle sien? Kan jy jou voorstel wat kan 'n kerk, wat nuwe horisonne sien, kan bied vir 'n wêreld wat net spook om aan die lewe te bly, omdat 'n virus haar vasgekeer het, omdat die dood haar grootste vrees geword het? Kan jy dink wat het gelowiges om te bied as ons weer 'n “derde generasie” kan wees wat hoop en lewe kan bied, selfs dwarsdeur lyding en dood? - Ds. J. Marais

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais. Ons wil graag as gemeente die reëls vir die inperking eerbiedig en so ook ons deel bydrae tot die gesond bly van ons mense en ons stad en daarom word vanoggend se erediens tuis opgeneem en via ons webblad, op *Facebook* en op *YouTube* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.

LITURGIE

- Votum:** Die Here Jesus lewe, Hy het die dood oorwin.
Met krag is Hy oorwinnaar; ons toekoms het begin.
Hy gee ons hoop en vrede, ons kan weer voorwaarts gaan,
want Jesus is ons Here – Hy't klaar ons weg gebaan.
(Liedboek 421:1)
- Seëngroet:** “Vrede vir julle!”, van God ons Vader, van Jesus ons Verlosser,
deur die werk van die Heilige Gees, ons Lewendmaker.
- Gebed:** Maak my oë oop dat ek die kragtige werking van u wet ervaar.
(Ps. 119:18)
- Skriflesing:** 1 Petrus 1:3-9
- Tema:** **Leef met lof, want die opgestane Here is werklik en naby...**
- Oordenking**
- Gebed:**
- Seënbede:** Die Here sal julle seën en julle beskerm, die Here sal tot julle
redding verskyn en julle genadig wees, die Here sal julle gebede
verhoor en aan julle vrede gee. Amen

Ons opregte dank aan almal wat betrokke was by die aanbieding, opname en redigering van die erediens; die gereed maak van die Fokus; die plasing op die webwerf van die gemeente en die verspreiding van die skakel na die gemeente en verder.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Dit is juis vir 'n tyd soos hierdie dat gelowiges aan mekaar verbind is deur die gemeente se lewe en hoewel die kerkgebou dalk nie vanoggend oop is nie, is die kerk van die Here Jesus in elke huis se sitkamer en elke hospitaalsaal, op elke rybaan en by elke supermarktoonbank waar gelowiges leef, werk en aanbid. Al sien ons mekaar nie is dit steeds ons taak om een te wees in gebed, in meelewing, ondersteuning en barmhartigheid. Vanoggend wil ons geluk sê aan almal wat vandag en in hierdie week verjaar:

19 April	Mathilda Henning en Laura Pansegrouw.
20 April	Corné Schepers, Ilse Olivier, Gerdus en Wian Geldenhuys.
21 April	Philip Kühn, Johan Herbst, Muller Scheepers en Anina Groenewald.
22 April	Annatjie Ludick, Geo Jooste, Ruben Bosch, Lynette Naudé, Louis Barnard, Denielle Cronje en Dawid Griesel.
23 April	Daleen vd Merwe, Ezelle Streicher, Jacob Voges, Henk Coetzee en Emlyn Samuel.
24 April	Francois du Toit, Johanette König, Isabella Steyn en Jana Loots.
25 April	Saartjie Noeth, Liezél Berry, Johan vd Berg, Karina du Plessis en Sunette Boshoff.

Ons dink in gebed ook aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Mariann Janse van Rensburg (Oliewenlaan 21 Noorderbloem, wyk 17); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie Anna van der Westhuizen (Crystal Rocks 7, wyk 18a); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17); Conna Lups (Deanelaan 25, wyk 20b) en Beatrice Carshagen (Cussonia hof 8, wyk 20b).

Geliefdes van Christus in Berg-en-Dal,

Hierdie tyd na Paasfees in die kerklike jaar is 'n kosbare tyd, 'n tyd van blydschap en vreugde en verwagting, want ons weet dat omdat Jesus uit die dood opgewek is...daar 'n toekoms op ons wag wat meer is as al die lyding wat ons hier kan verduur. Dit is hierdie hoop wat ons juis help om vanoggend weer op te staan, die regte dinge te doen en dit goed te doen. Wat ons na mekaar laat omsien deur alles in ons vermoë te doen om ons land en sy mense te help deur die reëls vir die inperking te respekteer. Dit is hierdie hoop in die lewende Here Jesus wat ons deur hierdie vreemde tyd vol onsekerheid sal lei.

As kerkraad gee ons die volgende reëlings deur:

1) As die Here wil en ons leef sal daar ook vir Sondag **26 April** 'n erediens opgeneem word en per epos of via ons webblad, *Facebook*, *YouTube* en op u selfoon (via WhatsApp) aangestuurd word. Presies hoe die erediens in Meimaand hanteer sal word sal afhang van die maatreëls wat deur die regering in plek geplaas sal word. Sodra ons nuwe inligting daaroor het, sal ons u dadelik daaroor in kennis stel. Ook wat die kategese en ander kleingroepbyeenkomste betref sal so spoedig moontlik gekommunikeer word.

2) Neem asb. kennis dat ds. Jan Lubbe 'n tydjie met verlof sal wees vanaf 14 – 26 April 2020. Ons as gemeente gun hom die tydjie van rus en verkwikking na 'n kwartaal wat besondere uitdagings meegebring het.

(Kontak gerus vir ds. Johan Marais vir enige dringende sake (084 517 8052).

3) Ons herinner u om asseblief u kerkraadslid of die leraars in kennis te stel van enige bekommernisse, siekte, hospitalisasie of nood. Kom ons help mekaar om werklik kerk van die Here Jesus te wees in hierdie tyd van inperking.

4) Ons bring weer die behoefte aan komberse vir haweloses onder u aandag. Ons versoek lidmate om wanneer jy in die komende week jou noodsaaklike kruideniers by Pick & Pay Preller gaan kry, 'n kombes wat jy kan afstaan saam te neem en in die houer by die ingang te plaas – ons neem dit na Tweetoringkerk en hul versprei dit verder.

5) Berg-en-Dal gemeente wil graag voortgaan om op soveel terreine as moontlik ons getuienis uit te leef en ons bediening voort te sit. Baie dankie dat u dit moontlik maak deur u getrouheid ten opsigte van die oorbetal van dankoffers in hierdie tyd wat vir soveel mense moeilik is. Ons kon reeds as gemeente op baie terreine 'n verskil maak. Ons besef almal begin die finansiële impak van hierdie gebeure voel – tóg wil ons vra dat jul aan Berg-en-Dal ook sal dink, en jou **eredienskollekte** en **dankofferbydrae** na ons bankrekening sal oorbetal. Die besonderhede is:

NGK Berg-en-Dal by ABSA Tjekrek. 470-580-011